Vaderland 21/10/69

## GRAFIES

**GALERY 101: Lokaal vir grafiese werk: Azaria Mbatha.**

SY werk bestaan uit lino, houtsneë en etse. Hy maak veral staat op 'n super dekoratiewe benadering van Bybeltemas.

„Jesus at Work" is 'n paneel wat die verskillende fasette van Jesus se omswerwinge op die aarde beskryf. Mbatha slaag daarin om die geheel met 'n sterk raamwerk saam te snoer.

Die plante, en mense word dekoratiewe swart en wit patrone — slegs onderafdelings van 'n groot geheel. „Noahs Ark" het 'n eenvoudige onderliggende ontwerp wat bestaan uit twee vlakke, wit en swart.

Op die voorste swart vlak is wit figuurtjies aangebring terwyl die onderste wit vlak op sy beurt swart patrone vashou.

Die dekoratiewe kwaliteit van hierdie werk oorheers egter alle ander aspekte.